Tel: 021 554 1290
Faks: 086 591 5147
ngkblouberg@mweb.co.za
www.ngkbloubergstrand.co.za

NG Kerk Bloubergstrand
ABSA Tjek rek nr: 327 014 0539
Takkode: 334409
Snapscan Kode

4 Maart 2018

Eredienste:

08h30: Ds Elmarie Dercksen (Kol 1-3)
10h00: Ds Elmarie Dercksen (Kol 1-3) – Nagmaal
18h00: Ds Marietjie Steyn (Mark 9:33-37)

Kom drink saam koffie na die diens in die kerksaal.
Kom drink saam koffie na die diens in die kerk.

DEURKOLLEKTE: Jan Kriel Instituut – 25 Mrt 2018

PRETSTAP

Na die baie suksesvolle Pretstap het ons vir die volgende twee bedienings 'n goeie inkomste gegenereer:
Senior Jeug bediening (kosstalletjies): R 7 730.65
Echo Jeug Ontwikkeling (Inskrywings): R 12 677.13; **Borg** (Just Letting): R 10 000.00
Ons is baie trots hierop en kannie wag vir volgende jaar se Pretstap nie!!

AANDDIENS PREEKREEKS 18:00

Die Jesus-styl: nie WAT nie, HOE

4 Mrt: Wees laaste
11 Mrt: Wees die minste
18 Mrt: Nie met mag of krag nie
25 Mrt: Geen ambisie, geen reputasie

KOOROEFENING

Paassangdiens se kooroefeninge begin op 27 Feb om 19:00 – 20:30. Jy kan nog op 6 Mrt inval! Kom sing saam! Navrae: Ds Elmarie

JUNIOR JEUG KALENDER

11 Mrt Lessie 10
18 Mrt Lessie 11

TEESKINKERS

Ons maak gebruik van vrywilligers om te help by gedenkdienste om tee te skink. Ons wil graag vra dat as jy bedags beskikbaar is en graag wil help, kontak asb die kerkkantoor by 021 554 1290.

GESIGGIES / JUNIOR JEUG

Dis weer hierdie tyd van die jaar! Ons samel allerhande smere in vir ons Gesiggie projek.
Bring asb 'n botteltjie of blikkie Grondboontjie-botter, Fyn konfyt, Geblikte vis, Boeliebief, Nutella, Tamatiesous, Mayonaise, Milo/Warm sjokolade, Langlewe melk en eiers. Navrae: Carina Howard 082 926 6428

Nuwe Intrekkers: Kom sê "hallo" vir ons in die konsistorie na die diens. Indien jy nog nie jou lidmaatskap amptelik na ons verskuif het nie, voltooi gerus 'n lidmaatskapvorm (in die voorportaal)
Gebedsversoeke: 082 451 3312 – SMS of W*hatsapp*
Selgroepe: Marietjie Steyn 083 461 1220
Ds Thinus: thinus@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Elmarie: elmarie@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie: marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

KATEGETE

Ons is nog opsoek na aflos kategete vir Junior Jeug. So as jy dalk nou en dan wil help om 'n Junior Jeug klassie aan te bied, kontak asb vir ds Marietjie.

KOSPAKKIES

Kospakkies word op 'n weeklikse basis aan behoeftige mense uitgedeel. Gedurende die wintermaande is die nood altyd groter, aangesien mense siek word, en om die honger te stil maak dit die situasie draagliker.
Inhoud:
2,5kg mieliemeel;
3 blikkies gemengde groente of sousbone;
3 pakkies soja (soy mince);
1 sakkie droë bone;
4 pakkies soppoeier

Navrae: Annemarie Grundling
082 818 6991

ECHO ETES

Elke tweede Donderdag eet die Echo gemeenskappe van Table View en Durbanville saam by die Table View Echo-huis. Ons is op soek na vrywilligers wat bereid sal wees om vir 15 mense kos te maak en af te lewer by die huis in Table View. Daar eet seker so 30 mense saam, maar hoe meer vrywilligers ons het, hoe minder hoef julle kos te maak. Ons sou julle ook finansieel kon vergoed indien nodig. As jy vrae het of wil help, kontak asb. vir Marietjie by 083 461 1220 of marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

JUNIOR JEUG KAMP 23 – 25 MAART 2018

Alle gr 1-6e, kom kamp saam by Noordhoek! Ons het kampvorms vir almal ge-epos. As jy nie 'n vorm gekry het nie, kan jy een in die voorportaal of by jou kind se kategeet kry.

Navrae:
ds Marietjie
083 461 1220.

BMD (Bloubergstrand Maatskaplike Dienste): 'n Nuwe jaar bring altyd nuwe geleenthede en daarom kan mens oor 'n nuwe seisoen opgewonde voel. Hoe gaan jy voordeel daaruit trek dat 2018 met 'n skoon bladsy vir jou begin het? Dalk een wat gevul kan word met jou drome en doelwitte of tyd vir 'n nuwe ervaring?
By BMD beywer ons onsself daarvoor om mense toe te rus met nuwe geleenthede.
Maak met ons kontak indien jy betrokke wil raak by een van ons vele projekte of 'n persoonlike verandering wil aanbring.
Thamar Jacobs (thamar@ngkbloubergstrand.co.za) / 021 5543268

PREEKBEURTE

T – Thinus Britz E – Elmarie Dercksen M – Marietjie Steyn

	08h30	10h00	18h00	Opmerkings
11/03/2018	E	E	T	
18/03/2018	T	T	M	
25/03/2018	T	T	E	Paassangdiens 10:00; Deurkollekte: Jan Kriel Instituut
30/03/2018	E	E	-	Goeie Vrydag Nagmaal 08:30 & 10:00
01/04/2018	T	T	E	Paasfees; Doop 10:00
08/04/2018	M	M	T	